



Verwysing: 20201111-9455
Lêernommer: 13/2/2/2/25
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0019/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Administrasie van die skryf van die aanvullende Algemene Asseseringstaak vir graad 12 Lewensoriëntering in 2020

1. Die Algemene Asseseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO) is op 19 Oktober 2020 geskryf, soos uiteengesit in Assesseringsbestuursminuut 0017/2020 van 13 Oktober 2020.
2. Leerders wat weens 'n geldige rede nie die AAT vir LO op 19 Oktober 2020 geskryf het nie, sal toegelaat word om die aanvullende AAT vir LO wat vir **20 November 2020** vanaf 14:00 tot 16:00 beplan is, te skryf.
3. "Geldige redes" in hierdie konteks, sluit die volgende in:
 - (a) **siekte**, gestaaf deur 'n geldige mediese sertifikaat wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn uitgereik is;
 - (b) **humanitêre redes**, wat die afsterwe van 'n naaste familielid insluit, en deur 'n afskrif van die doodsertifikaat ondersteun word;
 - (c) **verskyning** van die leerder in 'n **hofverhoor**, wat deur skriftelike bewys gestaaf moet word; of
 - (d) **enige ander rede** wat die hoof van die assesseringsliggaam of sy of haar verteenwoordiger as **geldig mag aanvaar**.
4. Die skriftelike bewysstukke wat met enige van die bogenoemde geldige redes verband hou, moet op lêer by die skool gehou word en op versoek aan Hoofkantoor of die distrik beskikbaar gestel word.

5. **Administrasie van die aanvullende AAT vir LO**

- 5.1 Prinsipale word vriendelik versoek om die nodige reëlins vir die afneem van hierdie assessering te tref, en toe te sien dat hul skool al die voorwaardes en reëls ten opsigte van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen nakom.
- 5.2 Vraestelle vir die aanvullende AAT vir LO sal slegs aan skole wat afwesige leerders op 19 Oktober 2020 aangedui het, verskaf word. Aanvullende vraestelle sal op of voor 20 November 2020 aan skole gegee word.
- 5.3 Leerders wat nie die AAT vir LO of die aanvullende AAT vir LO in 2020 skryf nie, sal 'n onvolledige uitslag vir LO ontvang. Hierdie leerders sal die vak, asook die skoolgebaseerde assessering (SBA) en die AAT vir LO moet herhaal. Dit is dus belangrik dat skole vir leerders wat op 19 Oktober 2020 afwesig was, betyds inlig om die aanvullende AAT vir LO te skryf.

6. **Nasien van die AAT vir LO**

- 6.1 Distrikskantore sal nasienriglyne vir die aanvullende AAT vir LO aan skole verskaf. Die distrikskantore sal ook toesien dat die nasien van die aanvullende vraestel intern by skole en ekstern deur die betrokke distrikskantoor gemodereer word.
- 6.2 Die nasien van die aanvullende AAT vir LO moet by die skool onder toesig van die prinsipaal uitgevoer word, met 'n senior onderwyser of departementshoof wat as die interne moderator optree.
- 6.3 Die nasienproses sal begin sodra die nasienriglyne ontvang is. Daar sal geen besprekings oor nasienriglyne wees nie. Vakadviseurs vir LO kan geraadpleeg word vir enige navrae oor die nasienriglyne vir die aanvullende AAT vir LO.
- 6.4 Waar daar meer as een onderwyser is wat LO by 'n skool onderrig, moet prinsipale seker maak dat onderwysers nie die antwoordstelle van hul eie leerders nasien nie.
- 6.5 As 'n skool Opsie 1 vir die optekening van die SGA-punte kies, sal die punte vir die aanvullende AAT vir LO op die vak se bestaande LO-optekeningsslaai opgeteken word. Die punte kan op die elektroniese optekeningsslaai vasgelê word as die skool nog nie die vak se optekeningsslaai vir moderering oorgeplaas en afgeteken het nie. As die optekeningsslaai oorgeplaas en deur die skool afgeteken is, moet Bylae A gebruik word om die punte vir die aanvullende AAT vir LO per hand voor te lê.
- 6.6 As 'n skool Opsie 2 vir die optekening van die SGA-punte kies, sal die punte vir die aanvullende AAT vir LO per hand op die punteslaai vasgelê word.

7. Enige navrae oor die aflê van die aanvullende AAT vir LO moet gerig word aan mnr. Christiaan Klopper per telefoon by 021 467 2075 of e-pos by Christiaan.Klopper@westerncape.gov.za.
8. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle Lewensoriënteringonderwysers en -leerders vir graad 12.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-11-16